**RUGBY REUSE RIG AF IN HONDEKLIPBAAI**

Selfs die mis het met respek die hoof gebuig toe voormalige Sharks kaptein en Springbok Marco Wentzel en Springbok Sewes legende en afrigter Marius Schoeman se rugbystewels op Saterdag, 25 Maart diep spore in die rugbyveld van Hondeklipbaai se Rugbyklub getrap het. Met die ondersteuning van Trans Hex en West Coast Resources het hierdie bekendes 'n rugbykliniek vir plaaslike klubspelers aangebied.

Net duskant 30 spelers het in die oggend aangemeld vir 'n twee-uur opleidingsessie wat inwoners van dié stil kusdorpie behoorlik bekoor het. Gemeenskapsleiers, skoolkinders en besoekers van so ver as Port Nolloth het op die kantlyne toegesak om die besondere geleentheid te besigtig.

Daar was vir 'n geruime tyd voor die kliniek groot afwagting onder die spelers oor die bekende name wat op die dag sou afrig. "Die rugbyspelers het baie geleer, veral ons agterlyne," deel Lionel Petersen, afrigter van Hondeklipbaai se Rugbyklub. "Die agterlyne sit al heeljaar met probleme en Marius het uit die wind gekom en ons probleme opgelos."

Net 'n week voor hulle eerste ligawedstryd is die klub toegerus met praktiese wenke wat by die daaglikse oefeninge toegepas kan word en die spangees loop hoog! Die klub is ook toerusting ryker na die mynmaatskappye borg gestaan het vir items om oefeningsessies te verbeter.

Na afloop van die kliniek het die rugbyspelers en organiseerders gesellig rondom 'n vuurtjie verkeer en heerlik aan plaaslike seekos gesmul. 'n Rugbytrui, geteken deur al die Springbok Sewe spelers is aan die klub oorhandig en sal as prys vir die klub se Rugbyspeler van die Jaar wink.

Leonard Petersen, plaaslike raadslid en gemeenskapsverteenwoordiger, glo dit was 'n wonderlike geleentheid en 'n hupstoot vir die gemeenskap. "Van die gemeenskap se kant af was dit goed om te sien hoe die myne op 'n ander wyse terugploeg in ons gemeenskap en in ons sport. Dit was ook bemoedigend om te sien dat ons jeug in getalle opgedaag het," sê hy.

Mnr. Petersen glo daar is 'n noue band van kommunikasie tussen die gemeenskap en Trans Hex en West Coast Resources. "Dit is iets wat ek waardeer. Daar is altyd 'n oor wat luister en ons kan altyd om die tafel sit en aangeleenthede bespreek en dit vorentoe neem."

Die rugbykliniek was een só 'n aangeleentheid wat met samewerking en goeie kommunikasie tot realiteit omskep is. 'n Passie vir sport, en spesifiek rugby, lê na aan die hart van mnr. Wentzel, wie buiten sy indrukwekkende rugbyloopbaan, dien as Voorsitter op beide Trans Hex Groep en West Coast Resources se Raad.

*'n Hartlike woord van dank aan diegene wat met glimlag en gewilligheid bygedra het tot die beplanning en sukses van die dag.*